moreleta duifies
kleuterskool | preschool | sedert 1999

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

**OOREENKOMS AANGEGAAN TUSSEN**

**MORELETA DUIFIES KLEUTERSKOOL**

**(HIERNA GENOEM "MORELETA DUIFIES")**

**EN**

**OUER/VOOG VAN ONDERGENOEMDE KIND**

Hiermee doen ek/ons (ouer(s) / voog(de) volle name en van),

______________________________________________________________________

van (woonadres)______________________________________________________

as ouer/voog van (kind se volle name en van),

______________________________________________________________________

gebore op _____/_____/______ (d/m/j) met noemnaam ___________________________

(hierna genoem "die kind"), aansoek om die kind as Baba / Peuter / Kleuter by Moreleta Duifies, 'n privaatskool geleë op die terrein van Moreleta Kerk ("MK"), te registreer vir die kalenderjaar 20___.

moreleta duifies
kleuterskool | preschool | sedert 1999

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

**Riglyne vir voltooiing en ondertekening van hierdie Kontrak:**

1. Geen veranderinge mag aan die kontrak aangebring word nie.
2. Elke bladsy moet onder in die regterkantste hoek deur die ouer, elke getuie en Moreleta Duifies se gemagtigde persoon geparafeer word.
3. Afskrifte van ouers se ID dokumente asook die gemagtigdes wat die kind by Duifies mag afhaal moet die kontrak vergesel.
4. ŉ Afskrif van die kind se immuniseringskaart moet ook die kontrak vergesel.
5. Die kontrak moet volledig voltooi en onderteken word deur die ouer en getuies en vóór die kind se eerste skooldag by Moreleta Duifies ingehandig word.

## AANSLUITINGSFOOI EN DEPOSITO VIR NUWE KINDERS

ŉ Aansluitingsfooi is saam met die deposito (gelykstaande aan ŉ maand se fooi per kind) betaalbaar by ondertekening van die kontrak en die deposito sal in die kennismaand verreken word. Die aansluitingsfooi is nie terugbetaalbaar nie. Die deposito kan aangewend word as die kennismaand se fooie.

## HERREGISTRASIEFOOI

Die ouer/voog moet jaarliks die kind herregistreer vir die volgende jaar, indien hy/sy die volgende jaar weer Moreleta Duifies gaan bywoon. Herregistrasiefooie vir die volgende kalenderjaar is jaarliks in **September** betaalbaar en is nie terugbetaalbaar nie.

## FOOIE

Die maandelikse fooie word jaarliks deur die Bestuur van die skool bepaal en is vooruit betaalbaar. Die ouer/voog onderneem om die volle fooi vir die sluitingstydperk in Desember/Januarie elke jaar te betaal, al is die skool oor die feestyd vir drie weke gesluit. Die ouer/voog van die kind onderneem dus om nie in November kennis van onttrekking van die kind te gee nie (ongeag of die kind terugkeer of die volgende jaar Laerskool toe gaan). Die laatste datum waarop kennis van staking van Moreleta Duifies se bywoning dus kan geskied, is op 1 Oktober vir die einde van Oktober, of 1 Desember vir die einde van Desember. GEEN uitsondering sal op hierdie reël gemaak word nie. Die maandelikse fooi is ten volle betaalbaar ongeag of die kind vir welke rede ook al afwesig is gedurende daardie maand.

## VERANTWOORDELIKE PERSOON/E VIR DIE BETALING VAN DIE KIND SE SKOOLFOOIE

**Besonderhede:**

Naam: ______________________ Maandelikse Bedrag: ______________________
Tel: ______________________
E-pos: ______________________

Naam: ______________________ Maandelikse Bedrag: ______________________
Tel: ______________________
E-pos: ______________________

## INVORDERINGSKOSTES / LAAT BETALINGS

Die maandelikse fooie is vooruit betaalbaar op die 1ste dag van elke maand. Indien betalings nie teen die 7de dag van die maand ontvang word nie, betaal u skoolgelde agteruit.

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

**REëLS en PROSEDURES**

Die personeel van Moreleta Duifies onderneem om op u aanvraag en versoek u kind na die beste van hul vermoë te versorg met ingang vanaf _________________ 20____ - alleenlik volgens die bepalings van hierdie ooreenkoms en die Reëls en Prosedures van die Moreleta Duifies Kleuterskool en wat beskikbaar is op aanvraag of op die skool se webwerf (www.duifies.co.za), en onderneem hiermee om die volle voorskrif, riglyne, implikasies en verantwoordelikhede van die skoolreëls na te kom.

**SKOOLTYE**

Die skool open om 06:45 en sluit stiptelik om 17:30. 'n Boete van R 100.00 per kind vir elke 10 minute na 17:30, is betaalbaar indien jy nie jou kind betyds kom afhaal nie.
Ouers word versoek om hul kinders ***persoonlik*** in die sorg van die betrokke personeellid te laat en af te haal.

**SKOOLVAKANSIES EN PUBLIEKE VAKANSIEDAE**

Versorging van kinders vind nie op publieke vakansiedae plaas nie. Die publieke vakansiedae word op dieselfde wyse as die Gauteng Departement Onderwys (GDO) skole hanteer. Indien 'n publieke vakansiedag op 'n Donderdag/Dinsdag val, sal die skool gesluit wees op die Vrydag/Maandag. Die skool sluit in Desember/Januarie soos deurgegee aan die begin van die jaar en sal 'n week tydens die Junie/Julie vakansie gesluit wees.

**SEKURITEIT**

Die sekuriteitswag by Moreleta Duifies word voorsien deur 'n onafhanklike sekuriteitsfirma. Die sekuriteitswag mag van tyd tot tyd deur die sekuriteitsfirma vervang word. Die sekuriteitswag beweeg ook deur die dag op die terrein van Moreleta Kerk rond en is nie noodwendig die hele tyd by Moreleta Duifies nie.

**AFHAAL PROSEDURE**

Indien 'n kind deur iemand anders as sy/haar ouers afgehaal word is die prosedure soos volg:

- Skriftelike toestemming moet deur ouer by die kantoor ingehandig of per epos gestuur geword.
- Briewe moet asseblief nie in kinders se tasse gelaat word nie.
  **Inligting op brief benodig:**
  - Naam, van en ID nommer van persoon wat die kind kom afhaal.
  - Datum wanneer kind afgehaal word.
  - Persoon moet sy/haar ID dokument toon aan admin personeel.
  - Kind moet uitgeteken word in uitteken-lêer.

**SKOOLBYWONING**

- Indien jou kind langer as drie dae afwesig is, moet jy die skool in kennis stel.
- Kinders wat die skool ongereeld bywoon, kan nie verwag om 'n vorderingsverslag te ontvang nie.
- Wanneer 'n kind die skool verlaat moet die ouers asseblief een kalendermaand vooruit skriftelik kennis gee.
- Die ouers van 'n kind onderneem om geen kennis van onttrekking gedurende Novembermaand te gee nie.
- Laaste datum waarop kennis van onttrekking dus kan geskied, is op 1 Oktober vir einde van Oktober en 1 Desember vir einde Desember.
- Neem asseblief kennis dat aansoeke van

Parafeer:

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

alle kinders jaarliks in **September** verval. Ouers moet dus jaarliks heraansoek doen vir die volgende jaar.

## SIEKTES

- Kinders met aansteeklike siektes mag ***nie*** tydens hul tydperk van siekte die kleuterskool bywoon nie, aangesien ons die verspreiding daarvan tussen die kinders en personeel wil voorkom.
- Indien 'n kind dokter toe geneem word, moet die betrokke dokter asseblief 'n brief aan die skool uitreik om aan die dui wanneer die kind terug skool toe mag kom, hetsy onmiddellik of binne 'n bepaalde tydperk (ongeag of medikasie voorgeskryf word, al dan nie).
- Kinders mag eers ná 24 uur se gebruik van antibiotika terugkeer skool toe.
- Wanneer die ouers telefonies in kennis gestel word van 'n siek kind, moet die kind so gou as moontlik afgehaal word.
- Medisyne moet asseblief ***duidelik gemerk*** en by die betrokke personeellid ingehandig word.
- Medikasie word slegs smiddae ná ete toegedien. Homopatiese medikasie ingesluit.
- Geen vitamien aanvullers en setpille word deur personeel toegedien nie.

## BESERINGS

Alle moontlike reëlings word getref vir die veiligheid van jou kind. Die beserings word in die Beseringslêer aangeteken en ouers word dadelik in kennis gestel van ernstige beserings.

## LEKKERNYE EN SPEELGOED

Kinders moet asseblief ***geen lekkergoed*** skool toe bring nie (behalwe wanneer gespesifiseer word, bv. verjaarsdae).
Geen ***speelgoed/juwele*** mag skool toe gebring word nie – dit breek, raak weg en veroorsaak onenigheid. Die ouer/voog neem kennis dat Moreleta Duifies nie aanspreeklik gehou kan word vir die verlies van enige eiendom of besittings wat die kind skool toe bring nie en sodanige verlies of skade word ook nie deur Moreleta Duifies se versekering gedek nie.

## MAALTYE

Ontbyt word slegs bedien vanaf 07:45 tot 08:15 en kinders moet asseblief betyds wees, aangesien geen pap uitgehou word nie. Middagetes word volgens die klas se dagprogram bedien (tussen 11:30 tot 13:30). Moet asseblief nie kinders gedurende middagete kom haal nie, behalwe wanneer vooraf gereël is.

## VERJAARSDAE

'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in 'n kind se lewe en partytjies is dus baie welkom. Reël asseblief 2 dae vooraf met die betrokke personeellid ten opsigte van die tipe eetgoed en drinkgoed wat toelaatbaar is vir die spesifieke klas.

## KLERE

- ***Alle tasse, klere en persoonlike artikels moet asseblief duidelik gemerk word.***
- Trek gerus vir jou kind ou klere aan, aangesien "morsaktiwiteite" belangrik is vir sy/haar ontwikkeling.
- 'n Ekstra stel skoon klere in die tas moet elke dag saamgestuur word, aangesien "ongelukke" aan die orde van die dag is.

- Geen fantasie kostuums soos mantels, maskers, brille en hakskoene is toelaatbaar nie.

**MATRASSLOPIES**

Die aansluitingsfooi sluit 2 x slopies in. Sodra die aansluitingsfooi betaal is, word die slopies na sy/haar klassie gestuur. Aan die einde van elke jaar word die slopies oorgestuur na die nuwe klas.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Alle telefoonnommers-, adres- en werksveranderinge moet so spoedig moontlik aan die kantoor deurgegee word.

**PARKERING**

Parkering slegs op gemerkte parkeerareas.

**GELDE**

Moreleta Duifies is ‘n kontantlose perseel. Betalings kan gedoen word deur van die onderstaande metodes gebruik te maak:

- Debietorders
- Elektroniese inbetalings
- “D6 Connect” toep
- Skool se kaartfasiliteite

**HANDHAWING VAN DISSIPLINE**

Die volgende prosedures word gevolg indien dit nodig is om ŉ kind by die skool te dissiplineer:

- Waarskuwing – gevolg vir jou optrede.
- “Time Out” – in die klas, binne personeellid se gesigsveld, tydperk is ouderdomsrelevant.
- Wegneem van voorregte – solank dit nie die kind ontneem van leer nie.
- Hoof se kantoor – wanneer die kind die klas aanhoudend ontwrig.
- Kontak ouers – samewerking tussen personeel en ouers om situasie op te los.

**OPROEPE NA PERSONEEL**

Oproepe na personeel in klastyd moet asseblief so ver as moontlik beperk word. Kantoor kan direk gekontak word, boodskappe sal deurgegee word.

**TERAPEUTE**

Afsprake moet direk met die betrokke terapeut gemaak word.

**SOSIALE MEDIA**

Die ouer/voog is bewus dat Moreleta Duifies gebruik maak van sosiale media soos ŉ webtuiste, Facebook, Instagram en WhatsApp en verleen hiermee **toestemming / nie toestemming (*onderstreep wat van toepassing is en parafeer in die blokkie*)** dat foto’s van die kind van tyd tot tyd op sosiale media gebruik mag word, vir doeleindes van reklame, bemarking en verspreiding van Moreleta Duifies se sosiale aktiwiteite. Moreleta Duifies onderneem dat geen naam/name van kind/kinders by sodanige foto’s op sosiale media geplaas sal word nie.

**KONTRAKBREUK**

Indien die ouer/voog kontrakbreuk pleeg ten opsigte van enige van die bepalings van hierdie ooreenkoms en in gebreke bly om daardie kontrakbreuk binne 7

(SEWE) DAE te herstel, ná 'n skriftelike aanmaning om dit te doen, sal Moreleta Duifies daarop geregtig wees om sonder benadeling van enige van die ander regte wat hy kragtens hierdie Ooreenkoms of andersins het - hierdie ooreenkoms te kanselleer, skadevergoeding van die ouer/voog te verhaal vir die skade wat Moreleta Duifies as gevolg van die ouer/voog se optrede gely het, en die deposito wat deur die ouer/voog betaal is, as 'n boete of as 'n vooruitskatting van die gelikwideerde skade te hou, en die ouer/voog erken hiermee dat sodanige bedrag redelik en billik sal wees.

**<u>DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI</u>**

Die ouer/voog kies sy *domicilium citandi et executandi* vir al die doeleindes van hierdie ooreenkoms, insluitend die gee van kennisgewings en/of die betekening van enige prosesstukke, soos uiteengesit op bladsy twee van die ooreenkoms.

Enige kennisgewing of prosesstuk aan die ouer/voog geadresseer, sal geag word deur hom ontvang te wees:

- Op die datum van aflewering daarvan, indien per hand by die ouer/voog se *domicilium citandi et executandi*; of
- 7 (SEWE) DAE nadat sodanige kennisgewing of prosesstuk per geregistreerde pos na die ouer/voog se *domicilium citandi et executandi* gepos is.

Die ouer/voog sal geregtig wees om sy *domicilium citandi et executandi* na enige adres in Suid-Afrika te verander, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing van sodanige verandering aan Moreleta Duifies.

Moreleta Duifies kies sy *domicilium citandi et executandi* vir al die doeleindes van hierdie ooreenkoms, insluitend die gee van kennisgewings en/of die toekenning van enige prosesstukke, soos uiteengesit op bladsy een.

Moreleta Duifies sal geregtig wees om sy *domicilium citandi et executandi* na enige adres in Suid-Afrika te verander, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing van sodanige verandering aan die ouer/voog.

**<u>VISIE, MISSIE EN WAARDES</u>**

Die ouer/voog aanvaar dat Moreleta Duifies hulself met MK se visie en missie vereenselwig en dieselfde waardes nastreef, soos hieronder uiteengesit:

**Visie**: Jesus alles in elkeen

**Missie**: Elkeen doelgerig ŉ dissipelmaker

**Waardes**: Verhoudings, Gehoorsaamheid en Diensbaarheid

**<u>VRYWARING</u>**

Ek, as ouer/voog, vrywaar en stel Moreleta Duifies, MK en/enige van hul onderskeie besture, kerkraad, personeel, tydelike of vrywillige helpers hiermee vry en skadeloos vir enige verlies of skade, hoe dit ook al mag ontstaan, wat ek of die kind mag ly, voortspruitend uit die versorging van die kind by Moreleta Duifies, insluitende, maar nie beperk nie tot die volgende aktiwiteite:

1. Die mediese versorging van bogenoemde kind, insluitende die toediening van medikasie en

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

die gebruik van mediese toerusting, waar toepaslik;

2. Die voeding en algemene versorging van bogenoemde kind;
3. Aktiwiteite by die skool onderneem, hetsy ten aansien van klas– of buite-aktiwiteite;
4. Enige ander aktiwiteite in die wydste moontlike sin onderneem.

Voormelde vrywaring sal ten aansien van alle geleenthede geld en
sal van toepassing bly solank as wat die kind ingeskryf is by Moreleta Duifies en is onherroeplik van aard.

**ALGEMEEN**

Ek, as ouer/voog bevestig dat die volgende Addendums deel uitmaak van hierdie ooreenkoms en korrek deur my voltooi is:

Addendum 1: Mediese Verslag van Kind
Addendum 2: Mediese Besonderhede en Magtiging
Addendum 3: Algemene Inligting
Addendum 4: Besonderhede van kinders wat reeds Duifies bywoon

## ONDERTEKENING EN GELDIGING VAN DIE KONTRAK

Aldus aanvaar en geteken deur die ouer/voog te Pretoria op die ____ dag van __________ 20____

______________________________ ______________________________

**Ouer/Voog** **Getuie 1**

Aldus gedoen en geteken deur die ouer/voog te Pretoria op die ____ dag van ___________ 20___

______________________________ ______________________________

**Skoolhoof – Lette-Marie Barnard** **Getuie 1**

## ADDENDUM 1 - MEDIESE INLIGTING VAN KIND

**Kind se Noemnaam en Van:** ____________________________________________________

Die gesondheidsgeskiedenis van die kind wat hierby aangeheg word, word as 'n integrale deel van die ooreenkoms beskou en die ouers/voogde waarborg dat die gesondheidsgeskiedenis in alle opsigte waar, korrek en volledig is en dat geen inligting weerhou is nie.

### 1. <u>VROEË KIND ONTWIKKELING</u>:

Enige komplikasies met geboorte:

..........................................................................................................................................

Geboortegewig: ..........................................................................................................

<u>Ouderdom waarop u kind:</u>

#Begin loop het: ........................................................................................................

#Enige abnormaliteite opgemerk: .................................................................................

#Begin praat het: ........................................................................................................

#Enige abnormaliteite opgemerk: .................................................................................

#Toiletbewus geraak het: ..............................................................................................

Het u kind voldoende blaasbeheer? ................................................................................

Beheer oor stoelgange? ................................................................................................

Moet u kind nog herinner word om toilet toe te gaan? ......................................................

Praat u kind al verstaanbaar?.........................................................................................

### 2. <u>MEDIESE GESKIEDENIS</u>

Algemene gesondheidstoestand: ....................................................................................
...................................................

Enige ernstige ongelukke of
operasies? ...................................................................................................................
..................

Allergieë: ....................................................................................................................

moreleta duifies
kleuterskool | preschool | sedert 1999
www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

Voedsel: ............................................................................................................................................

Behandeling: ............................................................................................................................

Medisyne: ................................................................................................................................

Enige ander uitsonderlike siektetoestand waaraan u kind ly?

.........................................................................................................................................

Het u kind enige gehoortoetse ondergaan?.................................................................................

#Datum ..............................................................:.........................................................................

#Resultaat: ...............................................................................................................................

Het u kind enige oogtoetse ondergaan?.....................................................................................

#Datum: ...................................................................................................................................

#Resultaat: ...............................................................................................................................

## 3. REKORD VAN IMMUNISASIE:

Heg asb. 'n afskrif van kind se immunisasie kaart / boekie aan.

Aansteeklike siektes gehad:

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Masels | | Waterpokkies | | Kinkhoes | | Duitse masels | | Pampoentjies | | Witseerkeel | | Skarlakenkoors | |

duifies moreleta
kleuterskool | preschool | sedert 1999

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

## ADDENDUM 2 - MEDIESE BESONDERHEDE EN MAGTIGING

**Kind se Noemnaam en Van:** ______________________________

**WIE KAN ONS SKAKEL IN 'N NOODGEVAL AS U NIE BESKIKBAAR IS NIE?**

Naam en van: ____________________ Naam en van: ____________________

Verwantskap: ____________________ Verwantskap: ____________________

Telefoonnr.: ____________________ Telefoonnr: ____________________

**PERSOON VERANTWOORDELIK VIR MEDIESE KOSTES:**

Voorletters en van: ____________________ Tel: ____________________

Adres: ________________________________________

Mediese fonds: ____________________ Fondsnr: ____________________

**MAGTIGING VIR BEHANDELING IN NOODGEVALLE**

**In geval van nood, magtig ek hiermee as ouer van die kind, die hoof en personeel van Moreleta Duifies, om die kind namens my vir mediese behandeling te neem.**

Hierdie magtiging sluit ook in die voltooiing en ondertekening van toestemmingsdokumente. (ook in geval van narkose)

Ouer/Voog Handtekening: ____________________ Datum: ____________________

**MAGTIGING VIR ALGEMENE BEHANDELING**

Hiermee gee ek toestemming dat slegs die personeel by Admin of Bestuur aan diens vir my kind Panado of Allergex stroop mag gee, indien nodig.

Ouer/Voog Handtekening: ____________________ Datum: ____________________

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

## ADDENDUM 3 – ALGEMENE INLIGTING

### BESONDERHEDE VAN KIND:

Kind se Doopname en Van: ____________________________________________

Noemnaam: ____________________________________________

Geboortedatum: ____________________________________________

Begindatum by Duifies: ____________________________________________

Primêre Woonadres:

____________________________________________

____________________________________________

Posadres van persoon verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds:

____________________________________________

____________________________________________

### BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOGDE:

Vader noemnaam en van:

____________________________________________

Beroep: ______________________ Werkgewer: ______________________

Huistaal: ______________________ Tel: (w) ______________________

Kerkverband: ______________________ (s) ______________________

Lidmaat by watter kerk?

______________________

ID Nommer: ______________________ (h) ______________________

Woonadres indien anders as primêre adres:

____________________________________________

E-pos: ____________________________________________

Moeder noemnaam en van: ____________________________________________

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

Beroep: ______________________ Werkgewer: __________________________

Huistaal: _____________________ Tel: (w) ___________________________

Kerkverband: _________________ (s) ___________________________

ID Nommer: __________________ (h) ___________________________

Woonadres indien anders as primêre adres:

_______________________________________________________________________

E-pos: _________________________________________________________________

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

## ADDENDUM 4 – BESONDERHEDE VAN KINDERS WAT REEDS DUIFIES BYWOON

**KIND 1:**

VOLLE NAAM & VAN: ______________________________________________

NOEMNAAM: ______________________________________________

GEBOORTEDATUM:______________________________________________

BEGINDATUM BY DUIFIES:______________________________________________

**KIND 2:**

VOLLE NAAM & VAN: ______________________________________________

NOEMNAAM: ______________________________________________

GEBOORTEDATUM:______________________________________________

BEGINDATUM BY DUIFIES:______________________________________________

Ouer/Voog Handtekening: ______________________ Datum: __________________________

moreleta duifies
kleuterskool | preschool | sedert 1999

www.duifies.co.za
012 997 8070 | duifies@moreleta.co.za
De Villabois Mareulrylaan 1353, Moreletapark

## ADDENDUM 5 – MAGTIGING VIR SOSIALE MEDIA

By Moreleta Duifies spog ons graag oor ons skool en kinders op Facebook en ons Webwerf.
Met hierdie vorm gee julle as ouers toestemming of nie, dat foto's van julle Duifies van tyd tot tyd op sosiale media gebruik mag word. Moreleta Duifies onderneem dat geen naam van 'n kind by foto's op sosiale media geplaas sal word nie.

Toestemming ☐

Nie toestemming ☐

Naam van Duifie: ____________________________________________

Ouer handtekening: ____________________________________________

Datum: ____________________________________________